Bulletjie Rugbybeleid 2020

DOKUMENT ONTWIKKELING EN GOEDKEURING

Verantwoor-delikheid	Detail	Naam	Handtekening	Datum
Outeur	Bulletjie rugby-organiseerder	Jaco Bam		18-09-2019
Goedgekeur	Sporthoof	Marléne Nel		14-02-2020
Goedgekeur	Voorsitter: Beheerliggaam	Dawid Durie		
Goedgekeur	Beheerliggaamslid	Lindy Lake-Roode		
Gepubliseer	In Beleidslêer	Marléne Nel		
	Op webwerf/D6	Marléne Nel		18-02-2020
	Gekommunikeer	Marléne Nel		10-02-2020

DOKUMENT GESKIEDENIS

Weergawe	Datum	Beskrywing
1	2020	Hierdie beleid is van toepassing op die 2020 Akademiese jaar en kan gedeeltelik of as geheel oorgedra word na die 2021 Akademiese jaar. Wysigings en aanpassings kan jaarliks gemaak word soos die behoefte ontstaan

INHOUDSOPGAWE

1. BULLETJIE RUGBY 2018....4
1.1 BESTUURSTRUKTUUR....4
1.2 HOOFDOELWIT....4
1.3 AFFILIASIE....5
1.4 AFRIGTERS (OUERS)....5
1.5 ORGANISASIE....5
1.6 SAMESTELLING VAN SPANNE....5
1.7 OUDERDOMSVERTEENWOORDIGING....6
1.8 OUERBETROKKENHEID EN GEDRAG....6
1.9 OUERKOMITEE....6
1.10 BORGE....6
1.11 OEFENING....6
1.12 WEDSTRYDE....6
1.13 SKEIDSREGTERS....6
1.14 KLEREDRAG VAN BULLETJIES....7
1.15 KENNISGEWINGS....7
1.16 SPORTDRAG, TOERUSTING EN FASILITIETE....7
1.17 NOODHULP....7
1.18 KLAGTES EN PROSEDURES....7
1.19 VERVOER EN VEILIGHEID....7
1.20 DISSIPLINE....7
1.21 AFSLUITINGSFUNKSIE....8

1. BULLETJIE RUGBY 2020

1.1 BESTUURSTRUKTUUR

Laerskool Louis Leipoldt se Bulletjie rugbystruktuur resorteer onder die algemene besluit van die skoolhoof, adjunkhoof, sporthoof, organiseerder en afrigters en staan bekend as die sportkomitee. Hierdie persone is self betrokke by die bestuur en/of afrigting van die verskillende sportaktiwiteite.

Skematiese voorstelling van die bulletjie rugbyhiërargie:

BEHEERLIGGAAM: SPORT
SKOOLHOOF
ADJUNKHOOF
SPORTHOOF
ORGANISEERDER
AFRIGTERS
SPELERS

1.2 HOOFDOELWIT

In samewerking met akademiese en kulturele ontwikkeling moet bulletjie rugby daartoe bydra dat die spelers as volwaardige mens ontwikkel op emosionele-, fisiese- en intellektuele gebied. Dit lei tot die ontwikkeling van lewensvaardighede soos kommunikasie, leierskapontwikkeling, krisisbestuur, algemene dissipline, verantwoordelikheid en goeie menseverhoudinge. Bulletjie rugby ontwikkel spelers tot gebalanseerde deelnemers in die samelewing en dien as voorbereiding tot die hoërskool- en volwasse lewe.

Liefde vir die sport moet gekweek word. Elke speler moet die geleentheid gebied word om aan bulletjie rugby-aktiwiteite deel te neem. Hierdie spelers moet ingeskrewe leerders by Laerskool Louis Leipoldt wees.

Daar moet sover moontlik toegesien word dat afrigters die nodige beleid en regulasies vir bulletjie rugby nakom.
Ouers moet bewus wees van verwagtinge aangaande hul optredes as Louis Leipoldt ouers in alle aspekte rondom die sport.

Afrigters moet ondersteun word om binne die bulletjie rugby se beleidsrigtings, onderhewig aan die algemene sportbeleid, die spelers te ontwikkel, asook om binne spanverband (spelers ingesluit), onder die vaandel van Laerskool Louis Leipoldt, as trotse Leipies deel te neem.

1.3 AFFILIASIE

Affiliasiegelde word deur die skool betaal soos bepaal deur die unies. Dit moet voor die aanvang van die seisoen betaal word.

1.4 AFRIGTERS (OUERS)

Daar moet gepoog word dat afrigters (ouers) ten alle tye gekwalifiseerd is en die nodige kursusse bywoon soos aangebied deur kundiges. 'n Afrigter sal na die nodige kursusse gestuur word indien hy oor die vaardighede beskik.

Geen sport mag beoefen word sonder die toesig van die betrokke afrigter (ouer) nie. Daar word van 'n afrigter (ouer) verwag om teenwoordig te wees as sy span betrokke is in wedstryde.

1.5 ORGANISASIE

Bulletjie rugby-organiseerder moet 'n onderwyser wees, hy staan oorkoepelend in beheer van bulletjie rugby by die skool. Die organiseerder en of 'n alternatiewe personeellid moet by alle tuistoernooie teenwoordig wees.

'n Ouerverteenwoordiger is, in samewerking met die organiseerder, in beheer van hierdie sportkode by die skool. 'n Ouerkomitee, met portefeuljes, word saamgestel. Hulle help met handhawing van dissipline en indien nodig werwing van borge. Ouers kan slegs 'n verteenwoordiger wees vir die tydperk wat sy/haar kind in Gr R- 2 is.

1.6 SAMESTELLING VAN SPANNE

Spanne mag nie op grond van sterkte gekies word nie, geen A,B,C of D spanne nie, gee die spanne name.

1.7 OUDERDOMSVERTEENWOORDIGING

0/6 – 0/8

O/6 - Graad R en Kleuterskool kinders wat nie jonger as 5 en ouer as 6 jaar is nie.

O/7 - Leerders in die jaar wat hulle 7 word.

O/8 – Leerders in die jaar wat hulle 8 jaar word. Dit is die verantwoordelikheid van die ouerverteenwoordiger en afrigter, om toe te sien dat die kinders in die regte ouderdom speel.

1.8 OUERBETROKKENHEID EN GEDRAG

Ouerbetrokkenheid en goeie gedrag gaan hand aan hand en is ononderhandelbaar by Louis Leipoldt.

Elke volwasse persoon betrokke se rol word beperk tot positiewe ondersteuning van die spelers in ‘n poging om ‘n liefde vir bulletjie rugby te kweek en te ontwikkel. Ondersteuning verwys na fisiese en emosionele ondersteuning, asook die positiewe voorbeeld van goeie sportmansgees.

Geen wangedrag deur enige volwasse persoon (ouers, afrigters, hulp-afrigters en instansies) sal geduld word nie en die nodige stappe sal teen so ‘n persoon geneem word.

1.9 OUERKOMITEE

Elke skool wat bulletjie rugby speel, moet ‘n verteenwoordigende ouerkomitee saamstel in samewerking met die bulletjie skoolorganiseerder.

Portefeuljes: Bulletjie organiseerder (skoolverteenwoordiger)

Ouerverteenwoordiger

Afrigters

Skeidsregters

Fondinsameling

Media-skakel

Alle gelde wat deur die ouerkomitee ingesamel word, moet by die skool inbetaal word en dus deur die skool se boeke gaan. Geen gelde wat deur die ouerkomitee ingesamel word, mag in ‘n privaat bankrekening gehou word nie.

1.10 BORGE

Borge kan gekry word vir die einde van die seisoen se afsluiting waar daar elke jaar beoog word om vir elke speler ’n trofee te gee.

T- hemde kan ook geborg word wat dien as opwarmingshempies.

NB: Geen spankeuse sal beïnvloed word deur enige borg wat ontvang is nie.

1.11 OEFENING

Oefening geskied Maandae en Woensdae aande na die eerstespan se oefening afgesluit is.

1.12 WEDSTRYDE

Bulletjies neem op Saterdae deel aan verskillende toernooie

Elke skool het 1 dag waarvoor hulle verantwoordelik is.

1.13 SKEIDSREGTERS

Afrigters kwalifiseer as skeidsregters wanneer hulle die eksamen suksesvol afgelê het. Slegs gekwalifiseerde bulletjieskeidsregters mag wedstryde hanteer. Afrigters moet die Boksmart kursus bywoon.

1.14 KLEREDRAG VAN BULLETJIES

Kleredrag moet eenvormig wees. Moet eenvormige geborgde T-hemp dra of skooltrui met blou rugbybroekie. Skouerkussings en kopbeskermers is toelaatbaar.

1.15 KENNISGEWINGS

Inligting rondom oefentye, oefenplekke, oefendae en wedstrydbepalings word met die aanvang van elke seisoen so volledig moontlik per skrywe aan die ouers deurgegee.

1.16 SPORTDRAG, TOERUSTING EN FASILITEITE

Daar moet jaarliks na nuwe voorraad en toerusting gekyk word wat bulletjie rugby in die skool sal bevorder.

Geen voorraad of toerusting sal aangekoop word indien daar nie voorsiening gemaak is vir dit in die jaarlikse begroting nie.

‘n Volledige inventaris van toerusting en voorraad moet na afloop van elke seisoen voltooi en ingehandig word by die sporthoof wat weer afskrif aan administratiewe persoon gee.

1.17 NOODHULP

Geen tuiswedstryd mag afskop sonder gekwalifiseerde noodhulpdienste op die terrein nie.

1.18 KLAGTES EN PROSEDURES

Enige klagte rakende ’n Louis Leipoldt speler/ouer op die sportveld moet met die bulletjierugby organiseerder bespreek word. Sulke klagtes sal na die sporthoof, adjunkhoof en skoolhoof deurgegee word.

Klagtes moet so spoedig moontlik gekanaliseer word sodat uitsluitsel gegee kan word. Indien daar klagtes is aangaande afrigters moet dit direk na die skoolhoof verwys word. Sit klagtes op skrif indien ‘n formele antwoord verlang word.

1.19 VERVOER EN VEILIGHEID

Ouers is self verantwoordelik vir hulle kind se vervoer na wedstryde

1.20 DISSIPLINE

Die afrigter is ten alle tye verantwoordelik vir sy span se dissipline en gedrag op en van die veld af. Goeie sportmangees word ten alle tye van alle afrigters verwag.

1.21 AFSLUITINGSFUNKSIE

Daar mag aan die einde van ‘n seisoen ‘n afsluitingsfunksie gehou word. Die formaat van die funksie sal jaarliks bepaal word deur die organiseerder en die ouerverteenwoordiger.